

# BELANGRIKE FEITE OOR DIE WET OP DIE GELYKE BEHANDELING VAN GETROUDE PERSONE



FEITEBLAD

Gender Research & Advocacy Project  
LEGAL ASSISTANCE CENTRE  
Windhoek, Namibia, 2008

## Wat is die Wet op die Gelyke Behandeling van Getroude Persone?

Die doel van die Wet op die Gelyke Behandeling van Getroude Persone is om geslagsdiskriminasie in siviele huwelike te verwyder. Geslagsgelykheid beteken dat mans en vroue gelyke huweliksregte het om besluite te neem.


## Huwelike en eiendom

### Binne gemeenskap van goedere:

- Alles wat voor die huwelik aan die man behoort het en alles wat voor die huwelik aan die vrou behoort het, word deel van hulle gesamentlike boedel. Alles wat hulle koop gedurende die huwelik word ook deel van hul gesamentlike boedel. Hulle besit elk die helfte van alles in die gemeenskaplike boedel. As een skuld het, kan geld van die gesamentlike boedel verhaal word om die skuld te betaal.
- Die man en vrou moet ooreenkom om eiendom, soos byvoorbeeld die huis, meubels of lewendehawe te leen of weg te gee. Hulle moet ook saam ooreenkom voor 'n groot lening aangegaan word.
- As die paartjie skei of een van hulle sterf, gaan die eiendom in die helfte verdeel word.

### Buite gemeenskap van goedere:

- Alles wat aan 'n man behoort het voor die huwelik bly syne, en alles wat aan die vrou behoort het voor die huwelik, bly hare. Wanneer hulle getroud is, behou elk sy/haar eie verdienste. Die man en vrou is afsonderlik verantwoordelik vir hul eie lenings en skulde.
- Die man of vrou kan besittings koop en verkoop sonder die toestemming van die ander. Hulle kan elk 'n lening aangaan sonder om die ander een te vra.
- Die koste van die huishouding moet hulle egter deel, omdat 'n man en vrou 'n plig het om na mekaar om te sien.
- Wanneer 'n paartjie skei, hou elkeen dit wat aan hom/haar behoort en dit wat hulle saam gekoop het, word in die helfte gedeel. As een doodgaan, is dit net daardie maat se besittings wat na sy erfgename gaan.



## Watter huweliksvoorwaarde stelsel is hier van toepassing?

Die meeste siviele huwelike in Namibië is *binne* gemeenskap van goedere voltrek. As jy *buite* gemeenskap van goedere wil trou, moet jy 'n kontrak deur 'n prokureur laat opstel en by die Akteskantore laat registreer.

As jy egter noord van die ou "Polisie Sone" bly, dis nou die areas wat bekend staan as Kaokoland, Owamboland, Kavango en Caprivi, is alle huwelike wat na 1 Augustus 1950 tussen swartes plaasvind, outomaties *buite* gemeenskap van goedere. As jy dan *binne* gemeenskap van goedere wil trou, moet jy 'n kontrak met die huweliksoffisier opstel voor die troue plaasvind.



## Voogdyskap oor kinders

Die Wet op die Gelyke Behandeling van Getroude Persone gee gelyke voogdyskap aan

beide ouers. Dit beteken dat albei ouers besluite kan neem oor hoe kinders grootgemaak moet word. Hulle kan meeste besluite afsonderlik neem sonder dat die een die ander hoef te raadpleeg. Sommige besluite moet egter saam geskied soos byvoorbeeld, as die kind opgegee word vir aanneming of as een van die ouers na 'n ander land verhuis en die kind wil saamneem.



Vir meer inligting, raadpleeg gerus die Legal Assistance Centre se Gids oor die Wet op die Gelyke Behandeling van Getroude Persone.



Befondsing:  
Franse Ambassade in Namibië  
Legal Assistance Centre  
P.O. Box 604, Windhoek, Namibia  
Tel. 061-223356

